Verwysing: 20160426-9847
16/4/5/4
Navrae: I Carolus

Omsendbrief: 0019/2016
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure en Adjunk-hoofde

Kort opsomming: *Verspreide middagetes vir kantoorgebaseerde werknemers by Grand Central Towers-gebou, Hoofkantoor.*

Onderwerp: Goedkeuring van verspreide middagetes vir kantoorgebaseerde werknemers by Grand Central Towers-gebou, Hoofkantoor

1. Op 02 Mei 2013 is kantoorgebaseerde werknemers met normale werkure via Omsendbrief 0017/2013 oor die goedkeuring van verspreide werkure in kennis gestel.

2. Met spesifieke verwysing na die werking van die hysers en gebaseer op die uitdagings wat tans by die Grand Central Towers-gebou ondervind word, het die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) oorweeg om 'n beleid met betrekking tot verspreide middagetes ná konsultasie met al die betrokke rolspelers goed te keur. Hierdie inisiatief sal met die verligting van die opeenhoping van werknemers binne die Grand Central Towers-gebou help.

3. Vanuit 'n praktiese oogpunt sal die verspreide middagetes vanaf 03 Mei 2016 soos volg geïmplementeer word:

Werknemers op	Middagetes
10de -11de vloer	12:00 – 12:30
8ste – 9de vloer	12:30 – 13:00
2de – 7de vloer	13:00 – 13:30

4. Ten einde 'n doeltreffende resultaat te bereik, word personeel versoek om seker te maak dat hulle by die doel van die verspreide middagetes hou.

GETEKEN: PA VINJEVOLD
HOOF: ONDERWYS
DATUM:2016-03-23